# "Trek die nuwe mens as kleed aan"

*[4:24] Ja, trek die nuwe mens as kleed aan, wat in ware geregtigheid en heiligheid in ooreenstemming met God geskep is.*

*[30] En bedroef nie die Heilige Gees van God, deur wie julle met die oog op die dag van bevryding verseël is nie.*

*[5:1] Volg dan die voorbeeld van God as geliefde kinders, [2] en leef in liefde, net soos Christus ons liefgehad, en Homself ter wille van ons oorgegee het as 'n offergawe aan God, as 'n offerande met 'n aangename geur.*

- Efesiërs 4:24, 30, 5:1-2, Afr 2020 –

## Maandag | 9 Augustus 2021 | Die waarheid

*[25] Daarom, vermy die leuen, en praat elkeen die waarheid met sy naaste, want ons is lede van een liggaam.*

- Efesiërs 4:25, Afr 2020 –

**25** *What this adds up to, then, is this: no more lies, no more pretense. Tell your neighbor the truth. In Christ's body we're all connected to each other, after all. When you lie to others, you end up lying to yourself.*

- Ephesians 4:25, The Message -

In hierdie week se oordenkings oor Efesiërs 4:25-5:2 gaan ons bietjie meer in diepte stilstaan en elkeen van die voorbeelde wat Paulus gee in hierdie teks as eienskappe van 'n nuwe lewe in Christus (Ef 4:17-24). Onthou met elkeen waaroor ons nadink dat dit nie afmerklysie is van goeie dade wat Christene behoort te doen om hulself te kan Christene noem of in die hemel te kom nie, maar dat dit voorbeelde van optrede is wat spruit uit ons nuwe mens-wees wat ons in Christus het. 'n Nuwe mens-wees wat ons nie vir onsself kan gee nie, maar slegs uit God se genade deur Christus se dade vir ons 'n moontlikheid is (Ef 1:7-8, 2:8-10, 13-22, oa).

Paulus se eerste aanmaning in hierdie teks is om leuens te vermy en dat elkeen die waarheid sal praat *"met sy naaste, want ons is lede van een liggaam".*

Deur sy manier van dit oordra maak hy sommer klaar duidelik dat ons keuses oor hoe om te leef, 'n beduidende impak het op ons naastes en ons gemeenskap. Indien ons 'n keuse maak om die waarheid te verdraai of weg te steek en eerder 'n leuen te deel, is dit soos om suur op ons eenheid met ander te gooi (Ef 4:1-16) en te sien hoe dit die eenheid stelselmatig disintegreer.

Dit is immers die "waarheid wat in Jesus is" wat maak dat ons weet hoe hierdie nuwe lewe in Christus lyk (Ef 4:21-22).

*Bid vandag:* Dink oor die konsep van waarheid. Dink aan hoe nou dit met Christus verbind word sowel as eerlikheid met die volhoubaarheid van die eenheid tussen mense in die Efesiërs-brief. Hoe benader jy waarheid in jou alledaagse lewe? Is dit vir jou kern-belangrik? Dink jy nie werklik veel daaroor nie? Wat hoor jy in hierdie teks oor hoe om verder te gaan daarmee in jou lewe?

## Dinsdag | 10 Augustus 2021 | Kwaadword..?

*[26] Word kwaad, maar moenie sondig nie. Laat die son nie ondergaan oor julle woede nie. [27] Moenie vir die Duiwel plek gee nie.*

- Efesiërs 4:26-27, Afr 2020 –

*26-27 Go ahead and be angry. You do well to be angry—but don't use your anger as fuel for revenge. And don't stay angry. Don't go to bed angry. Don't give the Devil that kind of foothold in your life.*

- Ephesians 4:26-27, The Message -

Vers 26 vang 'n mens eintlik onkant: "Word kwaad." Word kwaad? Is dit dan nie verkeerd om kwaad te word nie? Ons word dikwels groot met die idee dat Christene sagte, vrede-liewende mense moet wees wat nooit iemand anders kwaad maak nie en ook nooit kwaad word vir iemand anders nie. Die waarheid van mens-wees is egter dat kwaad word, of woede, 'n emosie en 'n natuurlike reaksie is net soos hartseer en blydskap, en selfs so normaal is soos om honger te raak! Ons lees in die Bybel dat selfs Jesus kwaad geword het.

Kwaad-word is dikwels 'n reaksie op een of ander vorm van pyn – emosioneel of liggaamlik – en dan skop ons adrenalien in en ons wil veg en onsself verdedig. Hierdie reaksie is dikwels egter nie die beste opsie om deur te voer nie. En dis hierdie reaksie waar Paulus die remme aandraai en byvoeg: "Word kwaad, maar moenie sondig nie."

Paulus gee vir ons goeie raad hier want een van die belangrikste dinge om te doen wanneer ons kwaad word, is eers om te verstaan *hoekom* ons kwaad geword het. Kon dit dalk 'n misverstand wees? Het ons al die inligting? Was dit dalk ons eie selfsugtige begeertes of verkeerde idees wat ons kwaad veroorsaak het? Is dit waaroor ons kwaad geword het dalk heeltemal geregverdig, soos ongeregtigheid teenoor jou of ander?

Wanneer ons tot by die sogenaamde "wortel van die kwaad" gekom het, dan kan ons rustig en met die leiding van die Gees bepaal wat 'n opbouende pad vorentoe sal wees. Soms is dit om tafels om te gooi soos Jesus in die tempel, maar soms beteken dit bloot om verhelderende vrae te vra.

Maar een ding is verseker, ons moet ons woede hanteer wanneer dit kom besoek doen, soos vers 27 ons herinner. Gary Chapman skryf hieroor: "Anger was designed to be a visitor, never a resident, in the human heart.

"All of us experience anger. But holding anger inside by denying, withdrawing, and brooding is not the Christian response to anger. In fact, to do so is to violate the clear teachings of Scripture. Bitterness is the result of stored anger, and bitterness is always condemned as sinful in Scripture." (Dink hier ook aan Ef 4:31.)

Wanneer ons hierdie dinge doen met ons woede, dan voorkom ons skade aan onsself en ons verhoudinge – die sonde waarna Paulus verwys – waaroor ons meestal later net sou spyt wees.

*Bid vandag:* Waaroor ervaar jy die meeste woede? Dalk is daar iets groots in jou lewe op die oomblik wat jy kan uitwys of dalk is daar iets meer konstant wat voortdurend veroorsaak dat woede in jou opvlam wanneer iets die sneller trek en jou aan jou woede herinner. Sit saam met die Here en vra vir die Heilige Gees om saam met jou hierdie woede uit te pak en te ontleed en die beste manier vorentoe daarmee te bepaal.

## Woensdag | 11 Augustus 2021 | Mededeelsaamheid

*[28] Die een wat nog steel, moet nie meer steel nie; hy moet eerder werk deur met sy eie hande te doen wat goed is, sodat hy iets het om vir die behoeftige te gee.*

- Efesiërs 4:28, Afr 2020 –

*28 Did you use to make ends meet by stealing? Well, no more! Get an honest job so that you can help others who can't work.*

- Ephesians 4:28, The Message -

Weereens in Paulus se vermaning om nie te steel nie, maar eerbare werk te doen in vers 28, sien ons dat al hierdie eienskappe genoem word omdat dit die eenheid in die gemeenskap waarvan Paulus praat aan die begin van hoofstuk 4, onderhou, opbou en versorg.

Die agste gebod in Eksodus 20:15: "Jy mag nie steel nie," het God ook juis gegee met die doel om 'n gemeenskap onder die Israeliete te vestig waar hulle mekaar se besittings respekteer. Hulle het pas uit slawerny uitgekom waar niemand regtig daaraan gewoond was om enigiets te hê nie en dit was 'n goeie riglyn vir wanneer dinge verander vir hulle.

Eenheid in 'n gemeenskap is egter moeilik wanneer hulpbronne nie regverdig verdeel is nie – die Israeliete sou tog nooit as slawe in Egipte kon "een" voel met die Egiptenare nie. Ons hoef nie veel verder as ons eie land (of selfs on eie dorp) te kyk om hierdie ongelykheid te sien nie. Met die pandemie is werkloosheid selfs hoër as wat dit reeds was vooraf.

Ons bly voortdurend bewus van die korrupsie in ons land (en kan baie dankbaar wees dat die Zondo-kommissie en goeie joernaliste dit vir ons blootlê) waar dié wat reeds het nog vat. Die grootste probleem met korrupsie, lê weereens gewortel in gemeenskap: die geld wat "wegraak" moes dikwels gebruik geword het om die weerloses in ons land te versorg, hetsy met mediese sorg, opvoeding, kos, ensomeer. Om te steel, is nooit 'n misdaad sonder slagoffer nie, en die slagoffer is altyd die een wat reeds die kwesbaarste is.

Paulus sê dit is egter nog nie genoeg as nuwe mense in Christus om net *nie* te steel nie, ons kyk ook anders na dit wat ons verdien het deur harde en eerbare werk met ons eie hande. Wat ons kry is nie net bedoel om ons te dien nie, maar om die gemeenskap sterker te maak en juis die kwesbares op te help.

Dus gaan hierdie vermaning oor 'n gesindheid van mededeelsaamheid: dit is nie net 'n passiewe poging om nie die gemeenskap af te breek nie, maar 'n aktiewe poging om die gemeenskap ook op te bou!

*Bid vandag:* Sit saam met die Here en vra die Heilige Gees om jou te wys as daar dalk dele is van jou inkomste wat nie eerbaar is nie. Kyk ook saam met die Gees na wat jy doen met jou eerbaar-verdiende inkomste. Waar gebruik jy dit reeds om ons gemeenskap op te bou? Is daar dalk iets of iemand anders wat die Here op jou hart wil lê vandag?

## Donderdag | 12 Augustus 2021 | Woorde

*[29] Nie 'n enkele afbrekende woord moet uit julle mond kom nie, maar eerder 'n woord wat goed is vir noodsaaklike opbou, sodat dit voordeel mag bring vir diegene wat dit hoor.*

- Efesiërs 4:29, Afr 2020 –

**29** *Watch the way you talk. Let nothing foul or dirty come out of your mouth. Say only what helps, each word a gift.*

- Ephesians 4:29, The Message –

'n Predikant het een keer 'n wonderlike beeld gebruik oor woorde. Hy het 'n skerp mes gehad en gesê dat woorde is soos hierdie mes. Die mes insigself is nie sleg nie en kan vir baie goeie dinge gebruik word, soos om jou kos te sny om dit makliker te kan eet. Die mes kan wel egter ook slegte goed doen, soos om jou stukkend te sny of iemand dood te steek.

Digters, skrywers en musikante is dikwels baie bewus van die mag van woorde. 'n Goeie digter kan immers 'n storie vertel en jou emosies beweeg van vreugde na hartseer met 'n paar versreëls deur net die regte woorde aanmekaar te sit. Woorde het krag.

Wanneer ons leef saam met ander mense, soos die gemeenskap wat ons in Christus is, is dit baie belangrik om te besef dat elke sin wat jy sê kan afbreek of opbou. Paulus daag ons selfs uit dat die woorde wat ons praat die aanhoorder "voordeel mag bring".

'n Oulike akroniem wat ons hieraan kan herinner is "THINK before you speak":

*T – Is it truthful?*

*H – Is it helpful?*

*I – is it inspiring?*

*N – Is it necessary?*

*K – Is it kind?*

*Bid vandag:* Daag jouself uit om vandag die "THINK"-metode te volg voordat jy iets sê! As jy wil kan jy na die dag in 'n joernaal skryf hoe jy dit ervaar het? Was dit maklik of moeilik? Watter letter het jou die meeste uitgedaag? Wat is jou "woord-gewoontes"?

## Vrydag | 13 Augustus 2021 | Medelye

*[31] Laat vaar alle bitterheid en woede en gramskap en geskreeu en gelaster, saam met elke vorm van kwaad. [32] Wees goedgesind teenoor mekaar, met innige meelewing, terwyl julle mekaar vergewe, soos God in Christus julle ook vergewe het.*

- Efesiërs 4:31-32, Afr 2020 –

***31-32*** *Make a clean break with all cutting, backbiting, profane talk. Be gentle with one another, sensitive. Forgive one another as quickly and thoroughly as God in Christ forgave you.*

- Ephesians 4:31-32, The Message -

Hierdie laaste aanmaning van Paulus in die teks, som eintlik grotendeels dinge op wat hy reeds aangespreek het met ander. Maar die deel waarmee hy ons deeglik uitdaag is verseker vers 32: "Wees goedgesind teenoor mekaar, met innige meelewing, terwyl julle mekaar vergewe, soos God in Christus julle ook vergewe het."

Dit is maklike dinge om te doen met jou geliefdes en ander mense waarvan jy hoe, maar sjoe, daardie persoon wat jou parkeerplek vandag gesteel het? Daardie een wat altyd 'n slegte woord oor jou te sê het by die werk? Vul gerus nog hier die beskrywing in van die persoon in jou lewe wat jóú krapperig maak.

Die antwoord lê egter in dieselfde vers: "…soos God in Christus julle ook vergewe het." God het 'n mens geword om sy vergifniswerk met ons te kon doen. God het eintlik ons skoene kom aantrek en probeer verstaan wat in ons harte aangaan – God kyk nie bloot na ons dade nie, want al die feite lê nie daar nie. Daardie persoon wat jou parkering "gesteel" het? Hulle het dalk pas uitgevind dat hulle kanker het. Daardie persoon wat altyd skinder oor jou? Hulle het diep ongelukkig grootgeword en weet nie hoe om op 'n gesonde manier konneksies te maak nie.

Niks van hierdie omstandighede verander natuurlik die afbrekende dade nie, maar dit kan keer dat ons met óns dade verdere afbreek doen aan die gemeenskap eerder as om Jesus se vergifnis te deel en so die gemeenskap op te bou.

*Bid vandag:* Is dit dalk vir jou nodig om vandag in iemand se skoene in te klim dat jy hulle kan vergewe soos wat God vir jou vergewe het? Wie is dit? Vra die Heilige Gees om jou hiermee te help.